LAER VOLKSKOOL

Posbus 84, Heidelberg, GP 1438
Voortrekkerstraat 15, Heidelberg, GP 1441
Tel.: (016) 341 6216/7
Faks.: (016) 341 2900
E-pos: volkies@laervolkskool.co.za
Webblad: www.laervolkskool.co.za

19-06-2017

Geagte Ouers en Leerder

OMSENDBRIEF 22 VIR 2017

HOUDING / WAARDE:

VOLKIES SE WAARDES IS:

G - GELOOF
R - RESPEK
I - INTEGRITEIT
L - LOJALITEIT

1 **SKOOL VERDAAG TYE:**
Die skool verdaag vanaf 1 Junie tot 29 Junie 2017 om 13:00.

2 **RUGBY:**
Baie geluk aan die Eerstespan seuns wat 3de geëindig het in die Valke se Semi-finale.

3 **KOOR**:
- Die Juniorkoor oefen Maandag vanaf 13:15 tot 14:00.
- Die Seniorkoor oefen eers weer op Woensdag, 28 Junie, gewone tyd.

4 **EISTEDDFODS:**
HEIDELBERG:
- Die Heidelberg Eisteddfod vind plaas vanaf 7-19 Augustus by Heidelberg Public School.
- Kunsstukke word ingehandig op Vrydag, 4 Augustus by Juffrouens Helanie of Lizelle.

5 **KULTUURAAND 2018**:
Kultuuraand 2018 trek 'n nuwe baadjie aan. Die kunstenaar is Coenie de Villiers. Die funksie word by Lezar Opstal gehou, op 16 Februarie 2018. Daar is slegs 400 kaartjies beskikbaar. Hou die Omsendbriewe dop - ons sien uit om julle deel te maak van 'n onvergeetlike aand.

6 **TEKKIE-DAG:**
Ons hou tekkie-dag op 23 Junie 2017. Leerders kan hul plakkers koop @ R10 by hul registerklas en kan dan op dié dag hul tekkies en gewone klere aantrek.

7 **OUERAAND**:
Ons deel rapporte uit op Donderdagaand, 29 Junie vanaf 17:00 tot 19:00.

8 **VOLKIE NUUSBULLETIN:**
Alle artikels vir die Volkie Nuusbulletin moet voor of op 19 Junie aan Heléne by helenebotha@laervolkskool.co.za gestuur word.

9 **KRIEKET**:
Krieket oefening vir die 3de kwartaal begin op 24 Julie. Wedstryde begin 1 Augustus.

SPANNE	TYD	DAE
1ste en 2de	14:00 - 16:00	Maandae en Donderdae
0/11 A en B	14:00 - 16:00	Maandae en Dinsdae

Afrigters:
1ste span - Mnr Willie en Mnr Lardus
2de span - Mnr Cassie, Mnr Dawie en Mnr Jaco
0/11 A en B - Mnr Tiaan en Mnr Tewis

10 **SPREEKKOOR**:
Geen spreekkoor oefening die week nie, eers weer in die 3de kwartaal.

11 **PARKERING**:
Ouers word weereens versoek om asb die verkeersreëls te gehoorsaam rondom die parkering by die skool, veral in die oggende en middae wanneer leerders af- en opgelaai word. Wees asb. geduldig.

12 **PLANTE**:
As enige iemand ekstra vetplante het wat hulle kan skenk vir die Klubhuis by Paradys, sal ons dit hoog op prys stel. U kan dit saamstuur of aflewer by die kantoor.

Volkiegroete

P. STRYDOM
HOOF